Wes-Kaapse Regering
Onderwys



Verwysing: 20160330-9085
6/4/3/3
Navrae: JL van Deventer

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0006/2016

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Adjunkhoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders, Kurrikulumadviseurs vir Ekonomie, Rekeningkunde, Wiskunde en Lewensoriëntering en Prinsipale van skole wat graad 10 tot 12 aanbied

**Onderwerp: Wes-Kaap Beurskompetisie vir graad 11-leerders wat Ekonomie, Rekeningkunde en Wiskunde aanbied (2016-2017)**

1. Die Wes-Kaap Provinsiale Tesourie, in samewerking met Nedbank en die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), nooi hiermee skole uit om in te skryf vir die 2016 Wes-Kaap Beurskompetisie, 'n opstelkompetisie.

2. Die Beurskompetisie bied aan graad 11-leerders in die Provinsie wat Ekonomie, Wiskunde en Rekeningkunde as vakke neem, die geleentheid om beurse en ander aansporings te bekom ten einde hulle studies op hierdie gebied aan 'n universiteit te studeer.

3. 'n Maksimum van twaalf beurse, sowel as 'n kontantprys vir finansiële bystand tydens hulle graad 12-jaar sal toegeken word aan leerders wat beoog om 'n graad in Ekonomie (bv. B.Comm [Ekonomie]), Rekeningkunde (bv. B.Acc, B.Compt) Handel (bv. B.Bus.Science) of Wiskunde aan 'n Wes-Kaapse universiteit te verwerf.

4. Die beurse is vir graad 11-leerders wat uitblink (minimum van 60%) in ten minste twee van die vakke, Ekonomie, Wiskunde en Rekeningkunde en wat kwalifiseer vir toelating tot 'n universiteit in 2018. Deelnemers moet Suid-Afrikaanse burgers wees wat in die Wes-Kaap woonagtig is en oor 'n goeie mondelinge en skriftelike taalvermoë in Engels beskik.

5. Pryse vir opvoeders van die leerders wat wen:
   - 'n Skootrekenaar/kontantprys vir die opvoeder van elk van die leerders wat 1ste, 2de en 3rde geplaas word.
   - 'n Kontantprys van R5 000 aan die opvoeder van elk van die ander leerders aan wie beurse toegeken word.

6. Prinsipale sal gevra word om die name van die betrokke opvoeders te verskaf.

7. Die beurskompetisie beoog om:
   - Entoesiasme vir Ekonomie, Wiskunde, Rekeningkunde en beroepsmoontlikhede te bevorder.
   - Kennis en vaardighede in Ekonomie, Wiskunde en Rekeningkunde te bevorder.
   - Probleemoplossings- en analitiese vaardighede te ontwikkel.
   - Leerders aan navorsingsmetodes en opstelskryfvaardighede bloot te stel.
   - Leerders van toegang tot en skakeling met die werkswêreld te voorsien.
   - Bewustheid van sosio-ekonomiese kwessies in Suid-Afrika te wek.
   - Uitnemendheid aan te moedig en te beloon.
   - Toekomstige leiers op die gebied van Ekonomie, Wiskunde en Rekeningkunde te ontwikkel.

8. Die tydskedule vir hierdie beurskompetisie is van Maart 2016 tot Maart 2017.

9. Verwys na die aangehegte Bylae B vir die opstelonderwerp (slegs in Engels voorsien).

10. Verwys na die aanhegsels vir die volgende:
    - Die inskrywingsvorm.
    - Die assesseringsrubriek wat deur die opvoeders voltooi moet word om die opstelle te assesseer.
    - Die Riglyne vir die skryf van goeie opstelle

11. Skole moet belowende leerders kies om aan die kompetisie deel te neem. Hulle sal versoek word om 'n opstel van ongeveer 2 200 woorde te skryf. Die res van die graad 11-Ekonomieklas kan 'n opstel van hoogstens 600 woorde oor dieselfde onderwerp skryf.

12. 'n Span opvoeders by die skool sal die assesseringsafdeling wat voorsien word, gebruik om die drie toppresteerders te kies wat aan die minimum vereistes van 70% (opstel en mondelinge aanbiedings gekombineer) voldoen om na die volgende rondte van die kompetisie te vorder. Die opstelle en punteblaaie van die drie toppresteerder en van al die ander leerders wat meer as 70% behaal het, moet teen nie later nie as 28 Oktober 2016 by die distrikskantoor ingedien word vir assessering op vlak 2 (distriksvlak).

13. 'n Assesseringspaneel in elke distrik sal die kwalifiserende opstelle van skole assesseer en die finaliste kies. Die 10 beste opstelle per distrik sal deur hierdie paneel gekies word en teen 22 November 2016 deurgestuur word na die finale vlak (provinsiale vlak).

14. Die twintig beste opstelle sal gekies word deur die finale keuringspaneel wat uit verteenwoordigers van Nedbank, die Provinsiale Tesourie en die WKOD bestaan.

15. 'n Maksimum van vyftien finaliste sal genooi word om die finale keuringsproses in Kaapstad in Maart/April 2017 by te woon – op 'n Vrydagmiddag of Saterdag net na die Provinsiale Begrotingstoespraak. Daar sal van hulle verwag word om 'n mondelinge aanbieding oor hulle navorsingsbevindinge te doen en op vrae te reageer wat deur die keuringskomitee aan hulle gestel word. Die Ekonomie-opvoeders van die finaliste sal genooi word om hulle te vergesel. Die lede van die distrikpaneel sal genooi word om die toekenningseremonie die Saterdagaand by te woon.

16. Raadpleeg asseblief Bylae A vir gedetailleerde inligting oor vereistes om deel te neem, inskrywingsdokumente, tye en beoordelingskriteria.

17. Navrae oor die skryf en nasien van opstelle moet gerig word aan die distrik se kurrikulumadviseurs vir Ekonomie.

18. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 11-Ekonomie-, Wiskunde-, Rekeningkunde- en Lewensoriënteringopvoeders te bring.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2016-04-05